TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

Infoblad 2022
PROF 5713

NAVRAE | ENQUIRIES
Michelle Pieters

021 808 2812
michellep@sun.ac.za

KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Professionele kommunikasie

'n Sertifikaat van bywoning-kortkursus

Al gehoor van die viersydige kommunikasiemodel? Sluit by prof Carel Jansen aan en leer die vaardighede om hierdie tegniek suksesvol aan te wend wanneer jy kommunikeer.

Waarop fokus hierdie kortkursus?

Hierdie kortkursus bied 'n inleiding tot die spesifieke kommunikasiekennis en -vaardighede wat 'n mens nodig het om kommunikasieverwante take suksesvol en professioneel af te handel.

Na afloop van die kortkursus, sal jy:

- boodskappe kan ontleed deur 'n metode bekend as die viersydige kommunikasiemodel in te span
- die betoog in kommunikasieboodskappe kan herken en krities kan beoordeel
- jou mondelinge aanbiedings selfs boeiender kan maak
- vir effektiewer professionele gesprekke kan voorberei en hulle optimaal struktureer

Wie is die aanbieder?

Prof Carel Jansen is 'n emeritusprofessor in Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die Universiteit van Groningen se Fakulteit Lettere in Nederland. Hy is ook 'n US Taalsentrum-navorsingsgenoot. Lees meer oor hom hier: http://bit.ly/31MnpJx

Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jy duidelike en praktiese riglyne soek om besigheidskommunikasie met selfvertoue aan te pak, dan is hierdie die kortkursus vir jou!

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare web soekenjin benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons bied hierdie kortkursus gedurende twee oggendsessies tussen 09:00 en 12:00 aan. Dit vind plaas in die Taalsentrum se Seminaarkamer by Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch. Die volgende kursusdatums is 2 en 9 November 2022.

Indien kontakkursusse nie moontlik is nie, word hierdie kursus aanlyn aangebied. Ons hibriede kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	**Regstreekse aanlyn sessies** (09:00 tot 10:30)	**OF**	**Twee oggendsessies** (09:00 tot 12:00)	**Skryf in voor**
19 Oktober tot 4 November	24, 26 en 31 Oktober, en 2 November		2 en 9 November	10 Oktober

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee regstreekse aanlyn sessies per week van 1.5 uur elk OF twee oggendsessies van 3 ure elk
- ongeveer agt uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R3 726 per deelnemer, wat kursusmateriaal, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier https://bit.ly/2022_PROF_Infopage_forms en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.